UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD — JAAR 16 # 9 • 30-10-2008 • YEAR 16 # 9 — MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# Navorsingskontrakte van R9.3 miljoen verseker volhoubaarheid

Die Universiteit het onlangs twee unieke kontrakte in die elektriese en elektroniese ingenieurswese- en planteteelt omgewings gesluit. Die navorsingskontrakte van onderskeidelik R4.8 en R4.5 miljoen sal sorg dat die projekte wat daardeur befonds word volhoubaar sal wees oor die langer termyn.

Volgens dr Gert-Jan van Rooyen, Direkteur van die nuutgestigte Elektroniese Medialaboratorium in die Departement Elektriese en Elektroniese (E&E) Ingenieurswese, is 'n navorsingslaboratorium reeds op die been gebring met die eerste gedeelte van die fondse wat hulle van MIH Holdings ontvang het. In hierdie laboratorium, 'n interdissiplinêre navorsingsarea waar E&E Ingenieurswese, Rekenaarwetenskap en Toegepaste Wiskunde reeds saamwerk, sal daar nou navorsing gedoen word om nuwe inisiatiewe te ontwikkel wat van toepassing is op die Internet-, web-, selfoon- en sagtewaretegnologie. Die projek is reeds vanjaar geloods met meestersgraadstudente uit die verskillende akademiese dissiplines wat uit hierdie kontrak befonds is om navorsing oor elektroniese mediatoepassings te onderneem.

Die doelwit van die inisiatief is juis om 'n omgewing te skep waar studente navorsing kan doen wat nie net nuwe mediategnologie sal ontgin nie, maar ook innoverende nuwe maniere sal skep om met bestaande tegnologie te kommunikeer.

"Verskeie Internet-innovasies, soos Google en Facebook, het hulle wortels by universiteite, en daar is groot potesiaal in navorsingsamewerking met die industrie," vertel dr Van Rooyen. "Die jongmense van vandag is besig om te kommunikeer op 'n manier wat baie innoverend is en baie van hulle is by universiteite waar hulle al klaar verdiep is in die omgewing en navorsing kan doen."

"Ons wil graag 'n omgewing skep waar studentenavorsers eerstens dit as 'n egte navorsingsrigting kan ondersoek en ook in kontak gebring kan word met die kennis en tegnologie in die industrie," sê hy.

Aansoeke van Meestersgraad- en PhD-studente, wat uit verskeie departemente aan die US geselekteer sal word om aan die program deel te neem, word tans ingewag.

> *"Ons wil graag 'n omgewing skep waar studentenavorsers eerstens dit as 'n egte navorsingsrigting kan ondersoek en ook in kontak gebring kan word met die kennis en tegnologie in die industrie."*
>
> *– Dr Gert-Jan van Rooyen*

Dr Herman Engelbrecht, Navorsingsbestuurder van die laboratorium, sê dat die laboratorium sal sorg dat "wetenskapfiksie na wetenskapfeit omskep word". "Dit is ook 'n goeie geleentheid om idees wat nog nie probeer is nie, aan te pak en te kyk of dit in realiteit sal werk," verduidelik hy. "Die doel van hierdie lab is om met die wêreld se MIT's te kompeteer."

Meer inligting oor navorsingsgeleenthede is beskikbaar by http://www.dsp.sun.ac.za/medialab

### *Bio-etanol produksie in die Wes-Kaap ondersoek*

Vir die afgelope paar jaar is die Universiteit die enigste instansie, beide publiek en privaat, om 'n korogteeltprogram in Suid-Afrika en op die Afrika kontinent te bedryf. Nou, met die navorsingsfondse wat hulle van PlantBio – 'n nie-winsgewende organisasie wat as 'n nasionale innovasiesentrum vir plantbiotegnologie dien – ontvang het, sal hulle ook die ontwikkeling van lente korog vir bio-etanol produksie in die Wes-Kaap ondersoek. Die R4.5 miljoen navorsingskontrak word oor 'n periode van vier jaar uitgerol en sal deur die Plantteeltlaboratorium gebaseer op Welgevallenproefplaas bestuur word.

Die laboratorium, wat onder die vaandel van die Departement Genetika val, is al die afgelope paar jaar besig met korogteling. Die afgelope twee seisoene is daar weereens twee kommersiële kultivars onder lisensie-ooreenkomste met industrievennote ontwikkel en vrygestel.

"In 2006 het ons by prof Emile van Zyl van die Departement Mikrobiologie gaan aanklop vir raad om navorsingsfondse vir die korogteeltprogram te bekom," verduidelik mnr Willem Botes,

*(blaai na bl. 5)*



Hier pronk die wenners met hulle pryse: Links van voor na agter is me Alida Louw-Joubert (sittend), me Liezl Scholtz, me Susan van der Merwe en me Lize Esterhuizen. Regs van voor na agter is mnr Martin Viljoen, me Lorna Bartlett en me Mattie van der Merwe

## US wen vyf eerste plekke

Die Universiteit Stellenbosch (US) was die enigste instansie wat vyf eerste plekke verower het by die jaarlikse MACE Excellence Awards wat in Oktober in Stellenbosch toegeken is.

Die Afdeling Kommunikasie en Skakeling sowel as die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) het by die jaarlikse MACE- (Marketing, Advancement and Communication in Education) prysuitdeling vir uitnemendheid (voorheen onder die vaandel van Unitech) in vyf kategorieë die eerste plek behaal. Kommunikasie en Skakeling is in vier kategorieë vir korporatiewe publikasies as wenner bekroon, terwyl die SVS 'n eerste plek vir hulle Opedag-inskrywing behaal het. Die pryse is by 'n gala-dinee tydens die MACE kongres in Stellenbosch oorhandig.

Die universiteit se korporatiewe Jaarverslag (2007), Matieland, Voorgraadse Prospektus (2008) en die Boschtelegram (weeklikse e-nuusbulletin) was die wenpublikasies.

MACE is 'n oorkoepelende organisasie vir praktisyns op die gebied van bemarking, kommunikasie, fondswerwing, studentewerwing en oudstudente in hoër en verdere onderwys en opleiding in Suider-Afrika, en beloon jaarliks met dié uitnemendheidspryse praktisyns vir hulle uitsonderlike prestasies.

## *Baie dankie, alle ywerige elektrisiteitsbespaarders*

As die aantal inskrywings vir die Universiteit Stellenbosch (US) se elektrisiteitsbesparingskompetisie enige aanduiding is van die entoesiasme waarmee sowel personeel as studente elektrisiteitsbesparing benader, is dit gewis dat die US nog sy teiken van 'n 10%-besparing gaan bereik.

Die Oktober-kompetisie het 'n totaal van 11 personeelinskrywings met 25 wenke, en 13 studente-inskrywings met 58 wenke ontlok. Die paneel beoordelaars het lank kopgekrap oor wie se wenke die mees praktiese en volhoubaarste is, en uiteindelik op me Rita de Jager (personeelprys) en mnr Karel Rautenbach (studenteprys) besluit.

"Die personeelprys word aan me Rita de Jager toegeken vir haar wenk om die dakke van platdakgeboue met 'n wit keramiekverf te verf om die hitte weg te kaats. Dit sal veroorsaak dat lokale op die boonste verdieping van 'n platdakgebou nie so warm word nie, wat op sy beurt die lading op lugversorgers sal verlig," het die beoordelaars gesê.

Mnr Rautenbach word met die studenteprys bekroon vir sy wenk om baie van die rekenaargebruiksareas se rekenaars snags af te skakel wanneer minder studente dié fasiliteite besoek. "Sy voorstel is dat die meeste van die rekenaars saans deur middel van 'n outomatiese program afgeskakel word. Dit sal ook die behoefte aan lugversorging verminder," het die beoordelaars bygevoeg.

Geluk aan ons twee Oktober-wenners! As jy vir November se R1 000-prys in aanmerking wil kom, gaan na www.my.sun.ac.za, en kliek op die gloeilampie vir meer besonderhede. Daar kan jy ook meer lees oor al die briljante wenke wat vir die Oktober-kompetisie ingeskryf is.

Elektrisiteitsbesparingsinisiatief • Electricity-savings initiative



Karel Rautenbach (links) en Rita de Jager is as die wenners van die Oktoberkompetisie aangewys met hulle wenke oor hoe om elektrisiteit te bespaar
*(Anton Jordaan, SSFD)*

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus

**OPINIE** — *Briewe, opinies en des meer* 2



**MENSE** — *Ontmoet ons twee nuwe dekane* 3



**NEWS** — *'Lost' history of Lückhoff captured in pics* 4

**ART** — *Music Department says goodbye to Prof Sandra Klopper* 7



**GEBEURE** — *Joernalistiek vier 30ste verjaarsdag!* 8

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



Hoe nader Desember kom, hoe meer beland ek by verskeie funksies wat prestasie en uitnemendheid by al vier die Universiteit Stellenbosch (US) se kampusse vier. Een ding is seker: Hier by die US weet ons hoe om sukses saam te vier.

In hierdie maand se *Kampusnuus* is daar sommer heelwat suksesse om mee te spog. Die Universiteit het twee groot navorsingskontrakte, in totaal ten bedrae van R9,3 miljoen, ontvang wat sal verseker dat spesifieke navorsing in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese sowel as die Departement Genetika op die lange duur volhoubaar sal wees. Lees meer hieroor op bladsy 1. Daar lees jy ook oor die pryse wat die Afdeling Kommunikasie en Skakeling, sowel as die Sentrum vir Voornemende Studente onlangs gewen het.

Geluk aan ons twee Oktober-wenners (sien berig op bladsy 1) van die US se elektrisiteitsbesparingskompetisie. Hulle wenke is nie net op 'n interessante manier oorgedra nie, maar is boonop prakties en volhoubaar. Meld dus aan by www.my.sun.ac.za, en kliek op die gloeilampie vir al die wenke wat in Oktober ingestuur is én vir meer inligting oor hoe jý die R1 000-prys in November kan losslaan.

Fran Ritchie vertel ons meer oor die belang van nagraadse studente vir die US in haar meningsartikel hier onder. Op bladsy 3 stel ons jou bekend aan ons nuwe dekane in die fakulteite AgriWetenskappe en Natuurwetenskappe.

Benewens die suksesse wat ons hierdie jaar vier, het die US onlangs ook hartseer oomblikke beleef met die heengaan van twee van die instansie se geliefde dosente, naamlik prof Hennie de Vos van die Departement Sielkunde, en prof Johan Lourens van die Fakulteit Ingenieurswese. Ons innige simpatie aan hulle familie, vriende en kollegas. Lees meer oor hierdie merkwaardige mense op bladsye 4 en 5.

Met die onlangse viering van Erfenisdag is 'n permanente foto-uitstalling in die ou gebou van Hoërskool Lückhoff in Banhoekweg geopen wat verskeie oomblikke in die lewens van leerders van hierdie skool en die mense van Die Vlakte weerspieël. Lees hieroor op bladsy 4. Die Universiteit het onlangs tien van sy gemeenskapsinteraksieprojekte gekies wat finansiering sal ontvang vir programme wat in van die behoeftes van 'n aantal gemeenskappe sal probeer voorsien (bladsy 5).

Kyk soos gewoonlik op bladsy 6 wat is te koop en te kry, terwyl jy op bladsy 7 oor die interessante Dylan Lewis-uitstalling kan lees. Op dieselfde bladsy kan jy meer te wete kom oor die waarnemende voorsitter van die Departement Musiek, prof Sandra Klopper, wat onlangs die US verlaat het.

Op bladsy 8 vier ons nóg 'n suksesverhaal, die totstandkoming van die Departement Joernalistiek. Dié Departement is vanjaar 30 jaar oud – voorwaar 'n mylpaal! Kyk ook sommer op dieselfde bladsy wie reeds die afgelope 25 jaar lojale diens aan die US lewer, en watter Maties ons naam as deel van die Suid-Afrikaanse span by die Paralimpiese Spele hooggehou het in Beijing.

Ek klink met trots en graagte 'n glasie op die mense wat hierdie instansie uitnemend maak!

Lynne

**KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!**

# *SU makes an important investment: 101 'blue chips'*

**Stellenbosch University boasts its very own 'blue chip' investment – traditionally known as dynamic with a potentially high return: its postdoctoral research fellows better known as postdocs.**

**Question:** Where did the term 'blue chip' originate?
**Answer:** The term originated from poker, where the highest chip denomination is coloured blue. High-quality stocks have been called 'blue chips' for decades (http://beginnersinvest.about.com).

**Question:** Who are SU's 'blue chips'? Where do they come from?
**Answer:** Postdocs are one of the best-kept secrets of higher education institutions. In the last four years, SU has hosted almost 300 postdocs – its very own 'blue chips'. At any time, there are about 100 of these highly prized young researchers on campus.

Just over half of them are usually international. The majority of them come from other universities and countries, bringing their expertise with them to pursue further full-time research alongside or as part of a research team at Stellenbosch.

**Question:** How does SU benefit from hosting postdocs?
**Answer:** Having recently obtained their PhDs (usually within the last five years), postdocs are ideally positioned to continue their research careers in a fresh environment, which they generally do with enthusiasm and passion. At least one postdoc arrives or leaves every month of the year and this very mobility leads to the formation of worldwide networks from which SU can benefit. Often bringing with them new techniques and specialised knowledge, they participate in the international cross-pollination of scientific research at departments and centres and offer a 'high return' on investment in the form of inspiration to and the mentoring of postgraduate students, additional research outputs and enhanced knowledge production.

**Question:** How can postdocs be recognised?
**Answer:** Obliged to register as students for bursary purposes, postdocs – until this month – carried student cards, making them indistinguishable from other postgraduate students on campus. As they are not staff members either, there is often confusion about their status. On occasion, this has resulted in some of them feeling undervalued and even unwelcome here. However, they can now be easily identified by their New Postdoc Cards – the 'blue chip' cards, which distinguishes them as a distinct category of people on campus and accords them their rightful status as Academic Researchers. This step will help to put postdocs on the University map.

**Question:** Which departments have these 'blue chip' investments?
**Answer:** The portfolio of postdoc hosts at SU is quite skewed towards the natural sciences and engineering (almost 90%). However, other faculties are discovering the advantages of hosting postdocs and of adding these valuable researchers to their teams.

Responsibility for the administration of postdoctoral-research fellowships falls under the Division of Research Development, although the initiative to attract postdocs comes from individual academic departments, and the International Office also provides sterling logistical support. Funding for postdocs, however, remains an issue, as demand from institutions outstrips bursaries.

The role of postdocs in the science system both nationally and internationally is increasingly being recognised. Many postdocs go on to enjoy academic careers at institutions of higher education; others go into industry. Either way, their contribution is felt through ongoing research projects, collaboration, patents and teaching.

At the most recent meeting of the Stellenbosch Postdoc Society, the Rector urged the postdocs to "leave a scientific imprint on the continent". In years to come, we think that Stellenbosch's 'blue chips' will prove to have achieved just that.

For further queries, contact Ms Fran Ritchie at fmr@sun.ac.za or (021) 808 2909.

*– Fran Ritchie,*
*Co-ordinator: Postdoctoral Research Fellowships & Research Capacity Building*

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

**BRIEWE**



## Wat het van personeelvereniging geword?

Die teenwoordigheid van aktiewe personeelverenigings (oftewel vakbonde) op kampus sorg vir 'n gesonde verhouding tussen werkgewer en werknemer. By die Universiteit is die afwesigheid hiervan 'n rede tot kommer.

Op die personeelportaal sien ek daar is net 'n Administratiewe Personeelvereniging (APV) gelys. Alhoewel die APV heel moontlik goeie werk agter die skerms doen, dink ek dit is tyd dat hulle meer sigbaar op kampus word. Dit sluit in gereelde kommunikasie en byeenkomste – iets wat ek in die paar jaar wat ek vir die Universiteit werk nog nie gesien het nie, alhoewel dit as 'n doelstelling in 'n konsepreglement gedateer 2004 aangedui word.

Bygesê is die bestaan van 'n 'administratiewe' personeelvereniging nie wenslik nie aangesien daar reeds 'n persepsie op kampus is dat diegene wat nie akademici is nie, bloot 'hulppersoneel' is – 'n wanpersepsie wat met wortel en tak uitgeroei moet word. Dit is nou tyd vir 'n verteenwoordigende personeelvereniging met blaf én byt.

*– Te min blaf en byt*

### Me Lazelle Bonthuys antwoord:

Dis jammer dat die skrywer van die brief nie die moed het om hierdie bekommernisse onder sy of haar eie naam uit te spreek nie, of dat hy of sy nie die vrymoedigheid geneem het om dit direk met my op te neem nie. 'n Regstreekse gesprek het altyd veel meer waarde as die uitspreek van kritiek van die kantlyn af (onder 'n skuilnaam) en die voer van argumente in die media. Ek wil daarom my antwoord kort hou, maar nooi die skrywer om met my in verbinding te tree vir 'n gesprek.

Ek wys die skrywer graag daarop dat die bestuur van personeelverenigings op die US-kampus nie deel van enige iemand se taakbeskrywing is nie, maar dat dit iets is wat die betrokkenes vrywillig en uit eie oortuiging doen. Daarom word dit veel meer waardeer as sulke persone erken en ondersteun word – veral as hulle instrumenteel was daarin om 'n vergoedingsaanpassing van 12% vir 2009 te beding!

Die skrywer is duidelik onkundig oor die werk wat agter die skerms gedoen word. Weer eens: kom gesels met my. Ek staan u graag te woord. En indien u bereid is om u entoesiasme tot beskikking van die vereniging te stel, hoor ons veral graag van u.

*– Lazelle Bonthuys*
*Voorsitter: APV*

## Toeganglikheid belangrik vir mense met gestremhede

Kommerwekkend (*Kampusnuus*, 26 September 2008) roer belangrike punte aan in "'n Week hier en daar is net te min".

Bewusmakingsveldtogte is júis daar om hierdie soort gesprekke te ontlok. Natuurlik moet die gesprekke ook tot optrede lei – anders help praatjies en bewusmakingsaktiwiteite nie veel nie.

Ek stem saam met Kommerwekkend dat die omgewing by persone met gestremdhede moet aanpas, en nie andersom nie. Dit is hoog tyd dat ons aan universele toegangsontwerp (*universal access design*) begin dink, waar ons ons omgewing só beplan en verbeter dat dit maklike toegang aan alle persone met gestremdhede gee. Hier praat ek veral van fisieke en sensoriese gestremdhede wat mense se loop-, sien- en hoorvermoë aansienlik inperk.

Deur nie op 'n parkeerplek te stop wat vir gestremde persone bedoel is nie, maak jy die lewe net soveel makliker vir iemand met 'n fisieke of ander beweeglikheidsgestremdheid. Hysers in en opritte buite geboue, met duidelike tekenborde daarmee saam, kan die vele uitdagings wat gestremde persone die hoof moet bied, help verminder.

Ons personeel, studente en kampusbesoekers met gestremdhede is almal belangrike ambassadeurs van die Universiteit. Hoe ons hulle hanteer, sê baie meer as papierriglyne.

Ek glo waar 'n wil is, is 'n weg. Daar is enkeles met 'n ysere wil om 'n positiewe bydrae te maak. Ek is oortuig dat hierdie enkeles tot 'n massa kan aangroei sodat ons baie meer aandag sal kan skenk aan hoe ons ons kampus nog vriendeliker en toegankliker vir ons studente, personeel en besoekers kan maak.

Dit begin alles met die wil, gesindheid en passie om verandering teweeg te bring.

*– Me Marcia Lyner-Cleophas*
*Hoof: Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes (Gestremdhede)*

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan kampusnuus@sun.ac.za, of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys. Omdat ons net een brief in September ontvang het, sal die prys vir die beste brief nie hierdie maand aan enigeen toegeken word nie. Die wenner sal uit die briewe vir September én Oktober gekies word en in die November *Kampusnuus* aangekondig word.

# Waternavorser gaan US-natuurwetenskaplikes lei

**Prof Eugene Cloete, 'n akademiese leier van formaat, wat ook deeglik sy stempel op navorsingsgebied afdruk, sal met ingang van 2009 die leisels as Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe oorneem.**



Prof Eugene Cloete

Hy is tans hoof van die Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, en voorsitter van die Skool vir Biologiese Wetenskappe, albei aan die Universiteit Pretoria (UP). Daarby is hy direkteur van sowel die UP se gerekende Waterinstituut as die Edward de Bono Instituut vir Kreatiwiteit.

Dié mikrobioloog word as een van Suid-Afrika se voorste waternavorsers bestempel. Sy spesialisgebiede is watergehalte, waterhulpbronbestuur, nanotegnologie in watertoepassings, openbare gesondheid, voedselmikrobiologie en die suiwering van afvalwater en afvalstowwe uit die omgewing.

Met sy aanstelling vul hy die leemte wat in 2007 gelaat is nadat die vorige Dekaan, prof Albert van Jaarsveld, as Visepresident van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) aangestel is. Prof Doug Rawlings, 'n mikrobioloog soos prof Cloete, het sedertdien waardevolle werk as tussentydse Dekaan gedoen.

Die Rektor, prof Russel Botman, het prof Cloete se aanstelling as 'n aanwins vir die Universiteit Stellenbosch (US) beskryf. Hy sê prof Cloete se uitstekende akademiese en navorsingsgeskiedenis bied 'n goeie grondslag waarop die suksesse van die Fakulteit Natuurwetenskappe, veral op navorsingsterrein, verder uitgebou kan word.

Prof Cloete ag die Natuurwetenskappe as wesenlik belangrik vir ekonomiese groei, werkskepping, die uitwissing van armoede, en die algehele verbetering van die lewensgehalte van die burgers van Suid-Afrika en die res van die vasteland.

"Ons lewe in 'n tegnologiegedrewe wêreld wat op die basiese wetenskappe en hoëvlakkundigheid berus. Die tekort aan menslike kapitaal in dié verband is egter 'n groot uitdaging vir die land se sekondêre en tersiêre instellings."

*Hy ag Natuurwetenskappe as wesenlik belangrik vir ekonomiese groei, werkskepping, die uitwissing van armoede, en die algehele verbetering van die lewensgehalte van die burgers van Suid-Afrika en die res van die vasteland.*

Prof Cloete sê hy sien uit na die nuwe uitdaging. "Die hoogs gekwalifiseerde personeelkorps, wat verskeie internasionale leiers op hulle gebied van kundigheid insluit, asook die hoë standaard van die navorsingsuitsette, maak die US se Fakulteit Natuurwetenskappe een van die voorste fakulteite in die land," glo hy.

Prof Cloete word deur die NNS as 'n B1-wetenskaplike gereken, wat aansienlike internasionale erkenning onder sy navorsingsgenote geniet. Hierdie produktiewe en kreatiewe navorser het reeds sowat 120 wetenskaplike artikels die lig laat sien, en is daarby ook die skrywer of redakteur van vier boeke, met onder meer omgewingsmikrobiologie en biotegnologie, watersuiwering, en die politiek verbonde aan waterhulpbronbestuur as temas. Hy dien ook in die redaksionele rade van ses internasionale vaktydskrifte.

Prof Cloete is die houer van nege patente, waarvan vier internasionaal geregistreer is. Een van hierdie patente – die gebruik van Biofilm-monitering as 'n tegnologie waarby klein tot mediumgrootte maatskappye kan baat vind – het in 2005 aan hom 'n prys vir uitnemendheid van die program vir tegnologie en menslike hulpbronne vir nywerheid (THRIP) besorg.

Hy het vanjaar 'n persoonlike prys van SAIWA, die Suider-Afrikaanse Nywerheidswaterafdeling van die Waterinstituut van Suid-Afrika (WISA), ontvang – 'n eer wat gewoonlik net maatskappye te beurt val. Hy is boonop 'n voormalige ontvanger van die Havengaprys vir Biologie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n Kanseliersprys vir uitnemende akademiese prestasie van die UP, en 'n silwer medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie. Prof Cloete was ook reeds vier keer 'n finalis in verskeie kategorieë van die Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum- (NSTF-)toekenningsgeleentheid.

Naas sy akademiese en navorsingsverpligtinge, beklee prof Cloete ook verskeie nasionale en internasionale professionele leiersposisies. Hy het pas as Visepresident van die Internasionale Watervereniging (IWA) uitgetree, en dien tans as die presidensiële raadgewer van die IWA. Hy dien ook as voorsitter van ASSAF, die wetenskapakademie van Suid-Afrika, se komitee oor armoede en tegnologie, en is lid van Coca-Cola se internasionale kennerspaneel oor watergehalte.

Benewens sy lidmaatskap van verskeie nasionale en internasionale komitees, is hy ook 'n genoot van die Amerikaanse mikrobiologie-akademie, en 'n senior genoot van WISA.

Prof Cloete se verbintenis met die UP strek vanaf 1984 toe hy daar 'n doktorsgraad in Mikrobiologie behaal het. Hy het ook 'n MSc-graad in Plantkunde aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf. In 1986 word hy in sy eerste akademiese pos as senior lektor aan die UP aangestel. Tot dusver het 37 MSc- en 20 PhD-studente hulle studie onder sy mentorskap voltooi.

Prof Cloete en sy vrou, Heloise, het twee dogters, Marguerite en Noelle.

– Engela Duvenage

# Passion for agriculture drives new Dean of AgriSciences

**As a young boy travelling by train between Johannesburg and Cape Town to attend boarding-school each year, Dr Mohammad Karaan, new Dean of the AgriSciences Faculty, fell in love with the endless sight of farms, open land and vegetation that he saw passing through the train window. This, together with the many memories of stories from his grandparents about their lives as farmers in East Griqualand, he says, further spurred on his love of the land.**



Dr Mohammad Karaan

Dr Karaan, who attained all his degrees at Stellenbosch, is an agricultural economist who has been lecturing at the Agricultural Economics Department for the past 11 years. Among his fields of specialisation, Dr Karaan includes agribusiness management, rural development, urban agriculture, agricultural trade and marketing, and economic empowerment and transformation.

Dr Karaan first enrolled at Stellenbosch University (SU) in 1987. However, the University that he entered then was a very different institution to the one that he works at now. Black students faced a number of social and academic disadvantages.

It is this experience, says Dr Karaan, that now motivates him to strive for greater social integration among students from various races and backgrounds and sensitising staff to manage and understand cultural differences and the impact of institutional culture on student performance.

"Stellenbosch today is still a cultural shock. The majority of black children in this country who come to this University come from inferior educational backgrounds and face what we faced back then," Dr Karaan says.

*The agricultural sector faces important challenges related to sustainability, transformation and food security.*

*– Dr Mohammad Karaan*

After completing his studies at SU, Dr Karaan first worked as a research assistant at the Faculty that he now heads and then worked as an economist and policy analyst for the Development Bank of Southern Africa from 1992 to 1993 and, from 1993 to 1996, headed research at the Rural Foundation.

His passion for agriculture has led Dr Karaan to develop close relationships with people who have succeeded in this field. Among his greatest mentors he lists teachers, such as his Grade 6 and 7 teachers, and academics and experts, such as Prof Eckard Kassier, former Chair of the Agricultural Economics Department, Prof Nick Vink, current Chair of the same Department, and Prof Ralph Christy, the first African-American President of the American Association of Agricultural Economists.

"Prof Christie has become a mentor of mine over the last eight years. I went to the States to meet with him and we became good friends and colleagues. And, one day, he said to me, 'Why don't we go and do some good in the world?'" says Dr Karaan.

This discussion led to the formation of the Making Markets Matter, a project that is run in collaboration with Cornell University in the United States and that trains people working in emerging agribusinesses in Africa. Dr Karaan is the local coordinator of this project, which focuses on business and marketing strategies within agribusiness. Once a year, emerging African entrepreneurs are brought to SU for executive training and are also provided with aftercare services. The programme has grown considerably over the last 8 years. This year, 60 people participated. Dr Karaan is also very active in agribusiness circles and serves on the boards of several companies. He is frequently called on to advise government and various industry bodies and companies. As a recognised agricultural economist, he has delivered more than twenty lectures a year to various audiences around the country.

Dr Karaan believes that the agricultural sector faces important challenges related to sustainability, transformation and food security. SU is uniquely positioned to respond to these challenges and in the process craft its future, he says.

Dr Karaan is married to Basheerah, a teacher, whom he also credits with running their household and taking care of their four children while he takes on everything under the sun and more. "I'm also a farmer – I have a little farm in Caledon – so I'm a bit of a weekend farmer. My family sees very little of me because I travel a lot but it makes the time we *are* together a lot more precious," he says.

# *Akademiese Jaardag 'n toonvenster vir navorsingsgroei by Gesondheidswetenskappe*



Drie navorsers van Geneeskundige Fisiologie was onder die pryswenners van die 52ste Akademiese Jaardag wat in Augustus in die Fakulteit aangebied is. Hulle is dr John Lopes (tweede van links) wat die Francie van Zijl-medalje vir die beste referaat, asook die JJW van Zyl-wisseltrofee vir 'n uitstaande referaat gelewer deur 'n jong navorser, gewen het. Langs hom staan dr Stefan du Plessis, ook van Fisiologie, wat die JA Beyers-wisseltrofee vir die beste plakkaat gewen het, terwyl dr Don Hayward van Fisiologie (tweede van regs), die JN de Klerk-wisseltrofee vir die uitstaande plakkaat ontvang het. Dr Wilhelm Groenewald (vierde van regs) het die AJ Brink-wisseltrofee vir die uitstaande referaat gewen, terwyl dr Marije van Schalkwyk (derde van regs), saam met Marina le Grange, die HP Wassermann-wisseltrofee vir die beste wetenskaplike uitstalling gewen het. Ook op die foto is proff Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing (heel links), en Wynand van der Merwe, Dekaan van die FGW (heel regs)

Die Akademiese Jaardag van die Universiteit Stellenbosch (US) se Fakulteit Gesondheidswetenskappe (FGW) het weer eens die gesonde groei in navorsingsuitsette, wat oor die afgelope drie jaar in die Fakulteit gehandhaaf is, bevestig. Navorsers het 212 mondelinge en plakkaatvoordragte tydens tien parallelle sessies gelewer, 'n simposium oor infeksiesiektes aangebied, en 'n gesamentlike sessie gehou waartydens vier deskundiges uit die Fakulteit spiespuntvoordragte gelewer het.

Die Dekaan, prof Wynand van der Merwe, skryf in sy voorwoord by die Jaardagprogram- en opsommings dat die FGW oor die afgelope drie jaar 'n gemiddelde groei van sewe persent in navorsingsuitsette gehandhaaf het. Terselfdertyd het die Fakulteit verlede jaar 140 kontrakte vir eksterne navorsingsbefondsing ten bedrae van R103 860 000 onderteken. "Dit bring mee dat navorsers toenemend deelneem aan en die leiding neem met internasionale navorsingsprogramme, en gesogte vennote by vooraanstaande tersiêre instellings word."

Hy wys daarop dat hierdie opbloei plaasgevind het te midde van toenemende druk op personeel wat navorsingsuitsette betref, sowel as skerp stygings in kliniese diensleweringsverwagtinge.

Die Akademiese Jaardag is een van die oudste tradisies in die Fakulteit en is vir die eerste keer in 1956 – die stigtingsjaar van die Fakulteit – aangebied. Dit was aanvanklik 'n dag lange geleentheid waar slegs tien tot vyftien referate gelewer is.

Hoewel heelwat van die navorsingsprojekte wat voorgedra is in samewerking met internasionale vennote gedoen word, weerspieël die meeste daarvan 'n verbintenis tot die gesondheidsprobleme van Suid-Afrika en die Afrika-vasteland se mense, onder meer op fokusgebiede soos MIV/vigs, tuberkulose, kardiovaskulêre siektes, geestesgesondheid, reproduktiewe gesondheid en genetiese toestande.

Spiespuntvoordragte, wat gewoonlik 'n aanduiding van interdissiplinêre navorsingsgroeipunte is, het vanjaar gefokus op die gereelde en volgehoue gebruik van antiretrovirale (ARV) middels deur pasiënte in Afrikalande; nuwe tegnologiese ontwikkelings op die gebied van mammachirurgie; die voorkoms van beensiektes in diabete; en 'n studie oor die evolusie van virulensie in die *Mycobacterium*-genus ten einde molekulêre mikrobakteriële diagnostiek te verbeter.



Mr John Abels, also an ex-pupil of the old school in Banhoekweg, shares a moment with the Rector, Prof Russel Botman (Hennie Rudman, SSFD)

# 'Lost' history of Lückhoff and Die Vlakte now permanently on display

If you visit the old Lückhoff School building in Banhoek Street today, you will find the walls adorned with photographs depicting the lives of those who lived in the area that was known as Die Vlakte. The area stretched across Victoria, Bird, Banhoek and Joubert streets. The photographic exhibition is a permanent installation at this historical building, which operated for the most part as a high school for coloured students until it was vacated in 1969 due to the Group Areas Act.

This year, the University celebrated Heritage Day with the opening of what effectively will be a museum housing the rich history of the old Lückhoff School and Die Vlakte. According to the Rector, Prof Russel Botman, the event was a means to reintroduce the history of the people of Die Vlakte into national memory.

"Through forced removals, they [the people of Die Vlakte] were shifted in different directions and away from each other to the outskirts of society – to places like Ida's valley, Cloetesville and elsewhere – where they had to continue their lives. Through apartheid, they became typical outsiders," explained Prof Botman.

The theme for the evening was "Let me tell you about Lückhoff" and, true to word, the audience was treated to a number of stories about the school and the community by both ex-pupils and residents.

Ex-pupil Mr Jacques Cornelissen told of how he and a friend cycled eight kilometres to and fro to attend the school and how his first day at school involved picking up papers on the school grounds. Mr Cornelissen would later become the principal of the new Lückhoff School in Ida's Valley.

Mr Justin Newman, today principal of Stellenzicht Secondary School in Jamestown and ex-pupil of the old Lückhoff, shared stories about the great sportswomen and men who were shaped at the school and became prominent athletes.

Two childhood friends from the class of 1937, Mrs Chrissie Karstens (née Luiters) and Mrs Cecilia Glenatendolf (née Van Rooi) talked about the years that Lückhoff School operated out of various homes and buildings across town before a fixed address was obtained in Banhoek Street in 1939. Both were students at the school when the boys' and girls' playground was still separated.

Dr Fred Backman, who became Principal of Lückhoff School in 1968, relayed his experiences. Some of the changes that Dr Backman made during his tenure included allowing boys and girls to mix freely and drawing up a well-balanced timetable. "The parents began to show interest in the school and enrolment soon reached 1 000-plus learners," he said.


Lückhoff was the first Afrikaans secondary school for coloured people in the Boland and surrounding rural areas, with learners attending from as far afield as Namibia. The staff was mixed thanks to the pool of white female teachers sourced from women whose husbands taught or studied at Stellenbosch University. "A principal could not have wished for a better staff. Though mixed, they acted as one with no friction. They were so dedicated, loyal and hard-working that it was a privilege to be associated with them," said Dr Backman.

Mr Jerome Slamat, Senior Director: Community Interaction, said that this was the third consecutive year that Heritage Day celebrations at SU were dedicated to Lückhoff School and the community of Die Vlakte. "In 2006, the book *In ons bloed* was published in which the community of Die Vlakte share their stories and memories. The year thereafter, in 2007, the Lückhoff School building was re-dedicated to the broader community of Stellenbosch and this year sees the permanent exhibition that documents the history and heritage of Lückhoff for future generations."



Ms Getrude Cornelissen, an ex-pupil of the old Lückhoff School, points to a photo of her husband, who was also a pupil at the historic school (Hennie Rudman, SSFD)

# Sielkunde groet geliefde prof Hennie



Prof Hennie de Vos (foto) van die Departement Sielkunde is onlangs skielik, vermoedelik aan 'n hartaanval, oorlede, maar sal duidelik nog lank in die herinneringe van diegene met wie hy paaie gekruis het, voortleef. Huldeblyke van studente en kollegas het ná dié hartseer tyding begin instroom. Een van die boodskappe van 'n student wat nie eens by prof De Vos klas gehad het nie, spreek boekdele vir sy besondere karakter en sy belangstelling in en besorgdheid oor alle mense.

Dit lui: "Na regte moes enige verhouding tussen die twee van ons tot die gewone groet in die gang beperk gewees het; hy het egter 'n opregte belangstelling in my getoon en my gereeld oor verskeie onderwerpe raad gegee. Ek gaan hom baie mis."

Prof De Vos word allerweë as 'n man beskryf wat vir ander omgegee het, wat nie bang was om emosie te toon nie, en wat ander se swaarkry help dra het. Volgens prof Leslie Swartz, Voorsitter van die Departement Sielkunde, was hy iemand "wat verantwoordelikheid geneem het, nooit gejok het nie, en 100% bereid was om wéér te dink, om nuwe dinge te begin".

Prof Swartz vertel dat hy twee dae voor prof De Vos oorlede is, 'n colloquium oor aktivisme onder die swart Amerikaanse jeug saam met hom bygewoon het. By dié geleentheid het prof Swartz besef dat 'n aktivis nie net 'n persoon met 'n gebalde vuis is nie. "Hennie se soort aktivisme was nie net om altyd te sê presies wat hy bedoel nie (en min van ons kry dit reg), maar ook om te midde van al die veranderinge om ons brûe tussen mense te bou én dit self oor te steek," vertel hy.

Volgens prof Swartz het prof De Vos 'n groot bydrae tot die diverser profiel van die Departement gelewer. "Hy was nie bang om te sê wie hy was en waarvandaan hy gekom het nie, maar hy was ook grootmoedig genoeg om sy land, sy tuiste, met ander te deel. Hy het begryp dat as ons ons tuiste in openhartigheid deel, ons niks verloor nie – ons kry inteendeel baie terug."

Me Marieanna le Roux, 'n vriend en kollega, het prof De Vos reeds in haar studentedae in 1989 leer ken. "Hennie het altyd vir ander opgekom. As hy gedink het iemand word onregverdig behandel, sou hy dadelik die ander persoon aanpraat, ongeag wie dit was. Vir hom was regverdigheid van die grootste belang," verduidelik sy.

Nog 'n kollega en voormalige student van prof De Vos, mnr Desmond Painter, vertel dat prof De Vos die akademie, en die Sielkunde in besonder, vir hom 'n "lewendige ruimte gemaak het waarin lewensnoodsaaklike vrae gevra word".

"Hennie was 'n hartstogtelike voorstander van 'n humanistiese Sielkunde, en die positivisme en enige ander perspektief wat die mens tot 'n blote meganisme reduseer, het lelik deurgeloop in sy lesings. Ten spyte van sy humor en gemaklike styl in lesings, was 'n mens altyd bewus van sy opregte, regverdige woede oor praktyke of stelsels wat mense op 'n manier afbreek of verneder, hetsy in die Sielkunde, die kerk of dooppraktyke op kampus," sê mnr Painter.

Sy innige liefde vir sy gesin was duidelik wanneer hy oor sy vrou, Alet, sy dogters, Mia en Anjulie, en sy seun, Hendrik, gepraat het. "Sy familie was 'n kleinood wat hy met amperse jaloerse energie en toewyding gekoester en bewaak het," vertel prof De Vos se predikant, ds Carel Anthonissen. "Ek dink ek kan sonder vrees vir teëspraak sê dat Hennie se toewyding aan en genot in sy gesin, vriende, huis en werk sy lewe oorheers het. Hierin was hy werklik homself."





Links: Sôe kan gemaklik in die kratte staan of lê en langs die sog se krat (regs) is daar meer as genoeg ruimte vir haar kleintjies.

# *Spekvet varkies op Mariendahl danksy jongste tegnologie*

Danksy moderne tegnologie het die varkafdeling op die Mariendahl-proefplaas hulle speensyfer vanjaar met sowat 30% verbeter, en die gemiddelde speengewig op die ouderdom van 28 dae van 7 kg na 8,5 kg per varkie opgestoot.

Volgens plaasbestuurder mnr John Morris, is dit alles te danke aan die nuwe kraamhuis wat in Mei vanjaar ingerig is. "Ons nuwe fasiliteite is 'n samevoeging van die beste tegnologie van oor die hele wêreld. Ons geriewe was ouer as 20 jaar, en ons produksiestelsels baie verouderd, maar nou is ons aan die voorpunt van tegnologie."

Mnr Ivan Stevens, wat aan die hoof van al die Fakulteit AgriWetenskappe se proefplase staan, sê die vorige kraamhokke was nie meer geskik vir navorsing nie, onder meer omdat die vrektesyfer onder die varkies voor én ná speentyd te hoog was. Die opknapping het R900 000 gekos. Nou is die varkafdeling nie net geskik vir die opleiding van studente van die Universiteit Stellenbosch (US), Elsenburg én Boland Kollege nie, maar ook vir navorsing.

Wat die kraamhuis betref, is die grootste verbeterings die nuwe kraamkratte, hortjiesvloere en outomatiese voerstelsel. Die kratte is spesiaal ontwerp sodat die sog gemaklik daarin kan lê met haar kop onder die voerbak. Die sôe leer ook gou om stadig te sak wanneer hulle wil gaan lê, wat baie veiliger is vir die varkies. Die vloere is op strategiese punte growwer gemaak sodat die varke beter vastrapplek het. Daar is boonop genoeg ruimte om elke sog sodat haar kleintjies om haar kan beweeg en lê sonder enige gevaar dat sy hulle kan dooddruk.

Waar die vorige kraamsaal se vloere van sement was, het die nuwe fasiliteit 'n hortjiesvloer – 'n meer higiëniese keuse aangesien vullis deurgetrap word. Onder die hokke is putte wat elke vyf weke skoongemaak word. Mnr Morris verduidelik dat die nuwe stelsel baie meer omgewingsvriendelik is aangesien hulle nie meer massas water gebruik om die hokke skoon te maak nie.

Die produksiestelsel is boonop verander om soos 'n groot eenheid te funksioneer, al is daar net 100 sôe. Met die nuwe outomatiese voerstelsel word die sôe vier keer per dag, pleks van twee keer soos vantevore, gevoer. Omdat die varke kleiner hoeveelhede per keer, dog meer dikwels gevoer word, is hulle gretiger om te eet, neem hulle meer voer in, en verhoog dit hulle melkproduksie. "Dít is waarom ons nou 'n hoër speenmassa kry," verduidelik mnr Morris.

"Ons het voorheen gesukkel om met elke werpsel nege varkies per sog gespeen te kry, maar nou kry ons tot 12. Daar heers 'n algemene rustigheid in die kraamsaal, die sôe eet beter, en daarom kan hulle meer melk gee. Die kleintjies is nou spekvet en gelukkig," sê hy.

Ná 28 dae word die speenvarkies na die speenhokke verskuif, waar hulle vyf weke lank bly. Met die opknapping is die speenhokke ook verbeter. Die vloere is van dieselfde hortjiesmateriaal as die kraamsaal, en word op dieselfde manier skoongemaak. Die temperatuur sowel as die voerproses word nou outomaties beheer.

"Ons weet dat die diere waarmee ons werk uiteindelik vir die slagpale bedoel is, maar ons probeer nogtans om die lewe vir hulle so aangenaam moontlik te maak terwyl hulle hier by ons is," verduidelik mnr Morris.

– Karin Theron



Dr Jon Dellandrea (third from the left) met with various role players at the institution including (from the left) Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching; the Rector Prof Russel Botman; Ms Adrienne Hall, Manager: International Development (UK) at the Stellenbosch Foundation; and Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research *(Hennie Rudman, SSFD)*

# Expert advises SU on development plans

